

15 September

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 2:1-5 (OAV)

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 2:2

Woordverkondiging is Christusverkondiging

Woordverkondiging is Christusverkondiging en laat die wysheid van die wêreld skaam staan (1 Kor 1:25). Wat verwag jy van herders se Woordverkondiging (prediking, huisbesoeke, katkisasie, optrede/advies by kerklike vergaderings)? Die Heilige Gees gee vereistes daarvoor. Kyk hoe verwoord Paulus hierdie roeping en opdrag aan herders. Hy verkondig reguit, dit wat deur Goddelike gesag aan hom oorgegee is. Hy het vooraf besluit om Christus se Middelaarskap in volle omvang te preek. Christus in elke faset van ons diens aan Hom.

Paulus het nie vertrou op skitterende woorde, skerpsinnige opmerkings, finesse, flair of vernuftigheid nie. Ook nie op ontsluiting van allerhande vars idees uit God se Woord om mense daarmee te boei en nader te trek aan die kerk nie.

Ons verwag soms dat voortreflike optredes deur kragtige herders mense moet oortuig van Christus se Middelaarskap. Ons wil hê dat fyn diplomatieuse oorreding, vernuf en kundigheid mense in die kerk moet hou. Wysheid en vernuf van mense is egter nie konstant nie. Dit verander van geslag tot geslag. Wat 'n jammerte as jy jou sekerheid en vertroue in geloofsake aanmekeer hou deur "wysheid van mense". Elke nuwe generasie vind onrealistiese redenasies en onwaarhede in die wysheid van die vorige generasie. Geloof gebou op menslike wysheid en vermoëns sal dus net rampspoedige gevolge hê. Moenie wyser as God probeer wees nie. As dit by Woordverkondiging kom, soek Jesus Christus en Hom as gekruisigde in elke faset van jou diens aan Hom. Daarin lê die krag van God. Geloof gebou op God se waarheid, iets wat nooit verander nie, is alleen veilig.

Moenie van herders selfversekerheid van eie redenasie en oortuigingsvermoëns verwag nie. Bewus van eie swakheid en onvermoë moet hulle optree, sodat die "krag van God" nog meer merkwaardig voorkom. Woordverkondiging kan moontlik ver tekortskiet, gemeet aan die vereistes van menslike wysheid en vernuf. "Eenvoudige" Christusverkondiging bevat egter 'n kragtige geheime komponent. Dit word gedra deur die Heilige Gees.

Die doel van elke herder se optrede moet juis wees dat geloof en ook sy getuienis nie op menslike wysheid gebou kan word nie. Verwag dus net Jesus Christus en Hom as gekruisigde, en die wêreld sal skaam staan.

Sing: Psalm 40:2, 3 (1936)

Ds DP Prinsloo (Outjo, Otjiwarongo, Biermanskool)